higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREG
NKR VLAK 3

(8021003)

14 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD 3 UUR
PUNTE 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae noukeurig.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs blou of swart ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskillende opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Watter een van die volgende is NIE 'n dwelmmiddel kragtens die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary (Wet 140 van 1992) NIE?

A Enige afhanklikheidvormende middel
B Enige drank wat alkohol bevat
C Enige middel wat gevaarlik afhanklikheidvormend is
D Enige middel wat ongewens afhanklikheidvormend is

1.2 Watter van die volgende is NIE 'n element van die wederregtelike gebruik van dwelms nie?

A Die gebruik
B 'n Dwelmmiddel
C Onder die invloed van 'n dwelmmiddel
D Bedoeling

1.3 Watter van die volgende is NIE 'n element van bestuur onder die invloed nie?

A Bestuur 'n voertuig of sit in die bestuurdersitplek van 'n voertuig met die enjin wat aangeskakel is
B Terwyl in besit van 'n middel van afhanklikheidvormend is
C Nalatigheid
D Op 'n openbare pad

1.4 Watter van die volgende sal NIE geldige regverdiging vir kwaadwillige saakbeskadiging wees NIE?

A 'n Regsbepaling wat die skuldige veroorloof om 'n dier wat oortree van kant te maak
B Noodsaak, waar die skuldige sy buurman se aggressiewe hond vergiftig het om homself teen 'n moontlike toekomstige aanval te beskerm
C Toestemming, waar die eienaar die skuldige toestemming gegee het om sy eiendom te vernietig.
D Gehoorsaamheid aan bevele, waar 'n polisieman deur sy senior opdrag gegee word om 'n deur af te breek

1.5 Watter van die volgende is NIE 'n kwalifiserende vereiste vir eiendom om in diefstal of roof gesteel te word NIE?

A Dit moet roerende eiendom wees.
B Mens moet die eiendom kan aanraak en sien.
C Iemand anders moet die eienaar van die eiendom wees.
D Die eiendom moet 'n markwaarde hê.

Kopiereg voorbehou

1.6 Watter van die volgende omstandighede is NIE 'n verweer dat die persoon toerekeningsvatbaar is NIE?

A Nietigheid ('Paltriness')
B Geestesongesteldheid
C Onvolwasse ouderdom
D Niepatologiese strafregtelike ontoerekeningsvatbaarheid

1.7 Watter van die volgende is NIE 'n reël wat deel is die legaliteitsbeginsel NIE?

A Novus actus (gebeurtenis (nuwe reg)
B Ius praveium (vorige reg/wet)
C Nulla poena (geen straf)
D Ius strictum (eng reg/wet)

1.8 Watter van die volgende is NIE 'n norm van die samelewing wat soms die skryf van wette beïnvloed NIE?

A Politiek
B Godsdiens
C Individuele sedes
D Gemeenskapsedes

1.9 Watter van die volgende is NIE 'n bron van die Suid-Afrikaanse strafreg NIE?

A Wetgewing of statute
B Gemenereg
C Regterlike presedent
D Internasionale reg/Volkereg

1.10 Watter van die volgende is NIE 'n strafteorie NIE?

A Vergeldingsteorie
B Opvoedkundige teorie
C Afskrikkingsteorie
D Hervormingsteorie

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.-2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Om 'n dwelmmiddel te gebruik, beteken om te doen wat jy ook al moet om die dwelmmiddel in jou liggaam in te kry.

2.2 'n Bestuurder moes 'n ongeluk veroorsaak het voordat hy/sy skuldig kan wees aan nalatige of roekelose bestuur.

2.3 Die regsdefinisie van 'n openbare pad sluit die kante ('shoulders') van die pad in.

2.4 Gehoorsaamheid aan 'n bevel mag slegs as regverdigingsgrond aangebied word wanneer die bevel wettig was, dit deur 'n gemagtigde persoon uitgereik is en indien die skuldige slegs gedoen het wat hy/sy beveel is om te doen.

2.5 Middellike aanspreeklikheid beteken dat een persoon aanspreeklik gehou kan word vir 'n misdaad wat deur iemand anders gepleeg is.

2.6 Gehoorsaamheid aan 'n bevel mag as regverdigingsgrond aangebied word wanneer 'n polisieman 'n misdaad gepleeg het terwyl hy 'n onwettige instruksie van sy senior uitvoer.

2.7 Strafreg beskryf die verskillende vorms van optrede wat strafbaar is asook die vereistes vir elke misdaad.

2.8 Strafreg is 'n stel reëls wat mense teen misdaad beskerm.

2.9 'n Regsnorm is 'n reël wat deur 'n regsowerheid opgestel is en wat gegrond is op 'n aanvaarde standaard van sosiale gedrag.

2.10 Suid-Afrikaanse reg word in twee groepe ingedeel, naamlik materiële reg en adjektiewe reg.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A-L) langs die vraagnommer (3.1-3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Die onregmatige en opsetlike aan die brand steek van iemand anders se onroerende eiendom	A	strafbare manslag
3.2	Enige voertuig wat op eie krag beweeg	B	roekelose bestuur
3.3	Die optrede van die beskuldigde het tot die strafregtelike gevolg van die misdaad gelei	C	opsetlike saakbeskadiging
3.4	'n Persoon wat 'n misdaad gepleeg het en daaraan skuldig bevind is	D	regverdigingsgrond
3.5	'n Dronk persoon sit in die bestuurdersitplek van 'n voertuig wat in 'n sloot vasgeval het met die enjin wat nog loop	E	motorvoertuig
3.6	'n Situasie waar die reg 'n handeling as geregverdig beskou al was dit teen die reg	F	feitelike veroorsaking
3.7	Bestuur 'n voertuig op so 'n wyse dat die bestuurder aantoon dat hy/sy nie omgee vir die veiligheid van ander mense of eiendom nie	G	brandstigting
3.8	Iemand wat help om 'n misdaad te pleeg	H	strafregtelik
3.9	Die onregmatige en opsetlike aan die brand steek van iemand anders se roerende eiendom	I	nalatige bestuur
3.10	Bestuur op so 'n wyse dat 'n redelike persoon dit as potensieel skadelik vir eiendom of mense sal beskou	J	minagting van die hof
		K	bestuur onder die invloed
		L	medepligtige

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Ten opsigte van wederregtelikheid, kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A-I) langs die vraagnommer (4.1-4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1	Tree op om jouself, iemand anders of eiendom te beskerm	A	noodweer
4.2	Tree op terwyl jy jou werk en amptelike pligte verrig	B	nietigheid ('paltriness')
4.3	Die hof voel dat jou handeling nie ernstig genoeg is om as misdaad te kwalifiseer nie	C	spontane agentskap/verteenwoordiging/volmag ('agency')
4.4	Tree op om iemand anders in sy/haar afwesigheid te beskerm	D	amptelike bevoegdheid
4.5	Die handeling om geweld te gebruik om 'n aanval te stop	E	handel op 'n bevel
		F	tugbevoegdheid
		G	toestemming
		H	onmoontlikheid
		I	noodsaak

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 5

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde in te vul. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (5.1–5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1 Onregmatige en opsetlike aan die brand steek van iemand anders se roerende eiendom word ... genoem.

5.2 Iemand wat met die nodige skuld 'n wederregtelike daad pleeg en daardeur aan al die elemente van 'n misdaad voldoen, word 'n ... genoem.

5.3 Die regsterm wat aandui of 'n beskuldigde skuldig is aan 'n misdaad wat hy/sy gepleeg het, is ....

5.4 Enigiemand wat 'n misdaad gepleeg het en daaraan skuldig bevind is, word 'n ... genoem.

5.5 'n Handeling strafbaar deur die reg wat by wet of die gemenereg verbied word en wat die openbare welsyn benadeel, word 'n ... genoem.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 6

Beantwoord die volgende vrae oor poging.

6.1 Definieer die term *poging ('attempt').* (4)

6.2 Noem VIER tipe pogings en gee 'n voorbeeld van elkeen. (8)
[12]

VRAAG 7

7.1 Hoe word geestesvermoë/geestesbevoegdheid getoets deur 'n hof wanneer toerekeningsvatbaarheid ter sprake is? (3)

7.2 Wat is die vereistes waaraan 'n handeling moet voldoen voor dit as 'n misdaad beskou sal word? (2)

7.3 Wanneer is 'n late ('ommission') as vorm van optrede strafbaar? Gee een voorbeeld. (2)

7.4 Wat is die rol van legaliteit in strafreg? (2)

7.5 Noem TWEE moontlike redes vir die hoë misdaadsyfer in Suid-Afrika. (2)
[11]

VRAAG 8

Beantwoord die volgende vrae oor deelneming ('participation').

8.1 Gee 'n kort verduideliking van die leerstuk van gemeenskaplike opset. (2)

8.2 Wanneer word iemand as 'n medepligtige beskou? (2)

8.3 Wat is die verskil tussen 'n medepligtige en 'n mededader ('co-perpetrator')? (2)

8.4 Noem TWEE vereistes om te bewys dat iemand 'n medepligtige was. (2)

8.5 Wanneer word 'n persoon beskou as 'n 'joiner-in'? (3)

8.6 Wanneer word 'n persoon beskou as 'n begunstiger ('accessory after the fact')? (2)
[13]

TOTAAL AFDELING B: 36

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 9

Kom handeling wat in die afbeelding hier onder uitgebeeld word neer op huisbraak met die opset om 'n misdaad te pleeg of op kwaadwillige saakbeskadiging? Gee redes vir jou antwoord.



[Bron: https://ridgetimes.co.za, 20 July 2018]

[10]

VRAAG 10

10.1 Gee 'n kort definisie vir die misdaad *sameswering* en *aanstigting*. (2)

10.2 Kan iemand skuldig bevind word aan sameswering of aanstigting as die misdade wat hy/sy saamgesweer het om te pleeg, of wat hy aangestig is om te pleeg, wel plaasgevind het? Motiveer kortliks jou antwoord. (1)

[3]

VRAAG 11

Die volgende artikel is op 1 Julie 2018 deur Eye Witness News gepbuliseer.

NVG: Duduzane Zuma staar twee aanklagtes van strafbare manslag in die gesig

PRETORIA – Die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) het onthul dat Duduzane Zuma nou twee aanklagte van strafbare manslag in die gesig staar en gedagvaar is om volgende maand in die hof te verskyn.

Die voormalige president se seun het in 2014 met 'n taxi op die M1-hoofweg gebots wat tot die dood van Phumzile Dube en Nanki Mashaba gelei het.

[Bron: http://ewn.co.za/2018/07/03/npa, 1 July 2018]

11.1 Vergelyk die misdaad moord en strafbare manslag en gee voorbeelde van elkeen. (8)

11.2 Verduidelik die toets vir nalatigheid wat 'n hof moet toepas in geval van strafbare manslag. (3)

[11]

TOTAAL AFDELING C: 24
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou